

Inhoud. Hierdie preek wys dat God vir sy kinders 'n eie waarde skep met 'n eie diens, eie plek en eie ruimte, al leef hulle onder magte wat hulle van alle eie waarde probeer stroop. God doen dit deur goddeloses se sonde, sowel as die sonde en die gehoorsaamheid van sy kinders te gebruik vir sy bedoeling vir hulle binne sy raadsplan met hulle. God is nie beperk om net sy kinders se gehoorsaamheid te gebruik om sy raadsplanne op aarde uit te voer nie. Daarom mag ons nie in die absolute magte van goddeloses glo asof dit ons lot deur God is of ons eie vroomheid sien as die enigste middel waardeur God sy wil vir ons kan laat geskied nie. Met hierdie geloof sal ons as landbougemeenskap met 'n eie waarde in God se raadsplan kan koers hou binne die dreigende burgeroorlog waarin “wittes” en “swartes” die landbougrond van landbouers as die slagveld en die landbouers se kinders as kanonvoer vir hulle burgeroorlog opgeëis het.

Skriflesing Ester 1: 10 -13; 19,20; 2: 1-3; 3:1 -7; 7: 1-10

Teks Ester 7: 9 b: “Toe sê die koning: “Hang hom daaraan op!” en 8: 16: “Vir die Jode was daar weer lig en vreugde en blydschap en 'n gevoel van eie waarde.” 8: 17

Tema God skep vir sy kinders eie waarde in sy raadsplan deur goddeloses se sonde én sy kinders se sonde en gehoorsaamheid

1. Ester is 'n openbaring van God se sorgsame beskikking oor sy kinders binne die tipe mag wat mense sien en in glo as “die lot” en “onveranderlike wil en wetgewing van absolute heersers”. Waar hulle deur goddeloses sa absolute mag van alle eie waarde gestroop word, gee God aan hulle 'n eie waarde in sy raadsplan en behou God hulle vir die waarde in sy raadsplan. Binne die eiemagtigheid van goddeloses gee God eie waarde aan sy kinders.

Die besondere van hierdie openbaring van God se sorgsame en bewarende beskikking vir sy kinders in sy raadsplan met hulle, is dat sy naam nie een keer in hierdie openbaring oor Hom en sy almag genoem word nie. God se Naam kom nooit in hierdie boek spesifiek voor nie.

Hierdie afwesigheid van God se Naam is alles behalwe 'n verswyging van God uit minagting dat Hy niks te doen het met wat besig is om in die boek Ester te gebeur nie. Dit is die teendeel. Al word God nie een keer op sy Naam persoonlik genoem nie, word alle eer, dank, lof en aanbidding gegee vir elke politieke gebeurtenis en elke insident binne die magsintriges in die paleis van die koning wat in hierdie dramatiese oomblik met die kerk van die Here gebeur het.

Al word God se naam nie genoem nie, word sedert hierdie gebeurtenis die Here met die Purimfees in die kerk- en Joodse gemeenskap geëer, geloof en gedank vir elke

God skep vir sy kinders eie waarde in sy raadsplan deur goddeloses se sonde én sy kinders se sonde en gehoorsaamheid

gebeurtenis wat soos 'n legkaart in mekaar pas om sy raadsplan met sy kinders uit te voer. Deur al die sonde en boosheid van sy kinders en goddeloses, maar ook deur sy kinders se gehoorsaamheid, laat Hy hulle 'n eie waarde hê.

2. Daarom is die uitdaging vir ons vanoggend om ook so te preek. Om elke politieke insident en magsintrige binne die magselite van die land te kan raaksien, te kan herken, uit te wys en te noem, sodat al noem ons nie God se naam direk nie, ons vir elke magsgebeurtenis en magsintrige die eer, dank en lof aan God kan gee vir sy sorg en bewaring waarin Hy sy raadsplan met ons uitvoer in hierdie land. Om God al die eer en dank te gee vir wat gebeur daar waar sy Naam nooit genoem word nie.

Is dit 'n politieke preek? Is die boek Ester net 'n vertelling van politiek, van magtiges se komplotte en magspel? Want daar word nie een of ander direkte geestelike boodskap uitgespel waarin God direk genoem word nie!

Dit kan ons mos toets! Sou ons só preek en luister dat ons na ons na die Woordverkondiging gesterk voel in ons eie politieke oortuigings of gemobiliseer voel in ons politieke optredes, dan is dit 'n politieke toespraak en nie 'n preek nie. Dan het ons God se Naam misbruik vir ons eie magsdrome.

Maar sou ons na alles luister en in alles wat ons sien en weet, aan God al die eer, lof, dank en aanbidding gee vir sy sorgsame bewaring om ons binne die waardeloosheid wat magtiges aan ons toedig, Hy 'n eie waarde vir ons gee, dan het ons getuig op die patroon van Ester. Dan gee ons aan God die eer van alle gebeure wat lyk asof dit ons waardeloos maak.

3. Hierdie gebeurtenisse in Ester speel af terwyl Xerxes I (in die Bybel genoem Ahasveros) koning van die Persiese Ryk is tussen die jare, 486 tot 465 v.C. Die terugkeer uit ballingskap het toe al klaar gebeur onder die regering van Xerxes se oupa aan sy ma se kant, Kores. Mordegai en Ester is dus van die Jode wat nie na Jerusalem teruggekeer het na die ballingskap nie.

Hulle was nog deel van die kerk in Persië, vandag se Iran, gelowiges sonder 'n eie land, 'n eie regering, eie staatsamptenare, nog steeds vreemdelinge binne die mag van Persië. Hulle is die kerklike gemeenskap wat uit Palestina in ballingskap gevoer was, en nou weer onder die mag van die Perse geleef het, na die Perse die mag van die Babiloniërs vernietig het.

As vreemdelinge binne hierdie mag van Persië was hulle sonder enige werklike effektiewe mag van hul eie, uitgelewer aan die magsug, die wellus, die eiemagtigheid, die wispelturigheid, die eiegeregtigheid van 'n koning, en sy magselite om hom, wat hulle eie mag gesien en geglo het as onaantasbaar en absoluut.

God skep vir sy kinders eie waarde in sy raadsplan deur goddeloses se sonde én sy kinders se sonde en gehoorsaamheid

Dit is hoe 'n mens die gelowiges sien wanneer jy hoor wat Hamman as hoë staatsamptenaar vir hulle beplan en jy sien hoe eiemagtig Ahasveros in sy eie wellustigheid teenoor sy eie vrou en onderdane optree.

Hulle kan doen en maak net wat hulle wil en almal is aan hulle mag uitgelewer.

4. Die Bybelskrywer gee ons 'n kykie is die magsvertoon en wellus wat afspeel by wat ons vandag sal noem 'n internasionale banket. Ahasveros reël tydens 'n prag en praal vertoning van sy rykdom wat ses maande lank geduur, 'n onthaal om sy mag aan sy amptenare te vertoon. Ester 1: 2-8. Op die sewende dag van hierdie internasionale onthaal is hy dronk. Die Bybel stel dit eufemisties dat hy baie vrolik van die wyn was. 1: 10. In sy dronkenskap wil hy vir die hele ryk se hoë amptenare sy vrou as 'n sekssimbool uitstal. Sy moet haar skoonheid kom uitstal net soos hy sy rykdomme aan hulle uitgestal het. Hierdie uitstalling was waarskynlik halfnaak soos dit in die Ooste die gebruik was. Sy moes vir die dronk koning se amptenare kom lyf wys.

Wie? Die koningin wat volgens 1: 9 besig was om al die internasionale vroueonthaal te reël en te bestuur namens haar man. Sy weier om haar self so te verneder. U moet dit vir u self kan voorstel. Dit is soos pres. Barack Obama wat 'n internasionale kongres vir wêreldleiers reël en dan dronk word en sy vrou, wat die wêreldleiers se vroue onthaal, gebied om halfnaak vir mans te kom poseer.

5. Sy weier en die wêreldleiers van die Persiese Ryk adviseer die koning om van haar 'n voorbeeld te maak sodat ander vroue nie haar voorbeeld kan volg nie. Vrouens moet hul mans se lyfeiendom en pronkstukke wees en luister wat vir hulle gesê word. Hulle moet hulle aan absolute mag onderwerp. 1:20.

Dieselfde staatsamptenare moes toe vir die koning 'n skoonheidskompetisie hou, om 'n lyf te kry wat sal luister en doen wat hy sê. Xerxes I is die wêreldgeskiedenis bekend dat hy elke keer vir terugslae in sy oorloë, soos teen die Grieke by die slag van Salamis en Plateia, vertroosting in sy harem gaan soek het. Dit is hier waar Mordegai sy broer se dogter, Ester, vir hierdie kompetisie in skryf om mag en invloed in die koninklike magskring te kan verkry. Sy wen die kompetisie en word die hoofvrou van die harem.

Niks wat hier gedoen word en wat gebeur is reg en regverdig nie. Elkeen se sondige kant word hier gewys: Ahasveros, sy vrou Vasti, sy amptenare, Mordegai en ook Ester, word hier uitgewys as mense wat hulle self probeer bevoordeel in die magspel van die elite waar reg en geregtigheid nie ter sprake is nie. Vasti is ook nie die tipiese slagoffer van mag wat ons graag altyd wil raaksien nie. Sy het in haar eie magspel om die magsimbool vir vroue te wou wees net gevind dat sy eintlik net 'n sekssimbool vir haar man se mag is.

God skep vir sy kinders eie waarde in sy raadsplan deur goddeloses se sonde én sy kinders se sonde en gehoorsaamheid

In hierdie gebeure is daar geen regverdiges en heiliges nie. Hier is geen morele held of heldin wat sondeloos in die naam van God namens vir reg en geregtigheid opstaan teen die onreg en ongeregtheid van die goddeloses nie. Daar is geen so sondelose persoon in die boek Ester nie. Elkeen se sonde word sonder skroom en verskoning, maar ook sonder goedkeuring en aanmoediging, binne die spel van mag en wellus uitgewys.

6. Die diepte van die onreg van mag wys in die volgens insident wat afspeel oor Mordegai en Hamman. Mordegai as vreemdeling in die Persiese Ryk onthul en voorkom 'n moordkomplot teen die koning van twee verbitterde amptenare.

Vir sy eerbied en lojaliteit teenoor die koning word hy vergeet, maar 'n tyd daarna word Hamman aangestel as die persoon wat hoof van al die staatsamptenare was. Die koning het beveel dat waar Hamman ook al beweeg, mense in aanbidding voor Hamman sal kniel om hulle aanvaarding van die koning se absolute mag te demonstreer.

Mordegai het nie voor hierdie magsvertoon gekniel nie. Volgens sy geloof in God het hy net voor God in aanbidding gekniel, voor geen mens nie. Hamman het uitgevind dat dit sy geloof as Jood was wat hom nie voor hom laat kniel het nie, en het toe 'n volksmoord gereël vir al die Jode in die Persiese Ryk. Dit sou beteken dat die Israeliete wat uit die ballingskap terug gekeer het en waarskynlik toe al die tempel maar nog nie die mure van Jerusalem herbou het nie, ook uitgewis sou word. Hierdie is 'n volksmoord van gelowiges in die hele Persiese Ryk.

Hierdie volksmoord is deur die koning goedgekeur omdat Hamman vir hom verduidelik het dat dit nie in belang van sy absolute mag is om 'n geloof in sy Ryk te hê waar mense nie voor sy absolute mag buig nie. Ons mag nie in Ester soek na 'n koning wat homself deur Hamman sou laat mislei is nie. Hy het die dekreet vir die volksmoord gewil en goedgekeur. "Toe haal die koning sy seëlring van sy vinger af en gee dit vir die vyand van die Jode, vir Hamman ... en sê vir hom: "Die silwer kan jy maar hou en met die volk kan jy maak wat jy wil." Ester 3: 10,11.

Dit is die onregverdigheid van wat hier gebeur. Mordegai se eerbied en diensbaarheid aan die koning word vergeet maar sy geloof om net voor God as absolute Here te kniel, word met 'n volksmoord vergeld.

7. Waar is die God van geregtigheid? Waar is God wat vir sy volk sorg in hierdie magswellus van wêreldleiers wat hulle as absolute maghebbers oor die lewe van mense aanstel? Die antwoord in die gemoed van hierdie magtiges is dat daar nie só 'n God is nie. Daarom moet u die brutaliteit van hierdie volksmoord sien in die lot wat oor hulle gewerp word.

God skep vir sy kinders eie waarde in sy raadsplan deur goddeloses se sonde én sy kinders se sonde en gehoorsaamheid

Hamman besluit op 'n volksmoord, kry die volksmoord goedgekeur en maak die volksmoord 'n onveranderlike wet van Mede en Perse deur die mag van die koning self. Hy reël die volksmoord met amptelike wetgewing en dekrete in elke provinsie van die Persiese Ryk. Daarna gaan werp hy die lot. Daarmee vra hy gemaak vroom en geestelik sy afgod om die dag en datum te gee vir die volksmoord wat klaar op besluit is.

Dit is al plek van God in hierdie goddeloosheid: Hy verseël die lot van mense soos dit deur die magtiges besluit en uitgevoer word. Dit is wat dit beteken om jou lot te aanvaar. Om te glo dat God bekragtig die besluite en beskikkings van die magtiges. Hulle moet hulle waardeloosheid binne die mag van goddeloses aanvaar of die waarde wat goddeloses aan hulle toebedeel, as hul plek en doel in die lewe aanvaar. Dit is jou lot!

In hierdie selfde magslus was dit nie genoeg vir Hamman dat Mordegai saam met al die ander Jode in die Persiese Ryk doodgemaak sou word nie. Hy gaan in sy woede en bou 'n galg van 23 meter hoog om hom, volgens hom, as simbool van verzet en protes, as onmagtige niksnut te demonstreer wie se lot deur die absolute mag van wêreldleiers verseël is en waarvoor God nog net datums en tyd kan bepaal.

9. Dan neem hierdie beplande volksmoord in een oomblik teen alle verwagting in skielik 'n wending! Die koning kan nie slaap nie, laat sy ou annale lees en vind uit dat Mordegai nooit vereer was vir sy lojaliteit aan die koning nie. Op dieselfde oomblik kom Hamman in en die koning vra hoe moet so man vereer word. Onder die indruk dat hy vereer moet word, stel hy dat hierdie mag met die mag en praal van die koning self aan die gemeenskap bekendgestel moet word. Hy moet tot sy ontnugtering en skok hoor dat Hamman vir Mordegai so in die strate moet laat vereer. Die man wat doodgemaak sal word voorbeeld van mense se waardeloosheid buite die mag van Persië, word met goddelike mag deur Persië vertoon! Amper in dieselfde oomblik word Hamman na Ester ete geneem, waar die koning vasgevang word in die absurdheid van sy eie absolute dekrete waarin hy sy eie koningin tot dood veroordeel het in die dekreet oor die volksmoord op die Jode.

U mag geen reg en geregtigheid in die volgende besluite van die koning inlees nie. Dit is besluite uit woede, wispelturigheid en eiesinnigheid: Net so maklik as wat hy Hamman 'n vors oor lewe en dood gemaak het, laat hy hom hang aan die galg wat hy vir Mordegai gebou het, net omdat die amptenare die opmerking maak dat die galg daar buite staan. Net so besluit hy dat die volksmoord vasstaan en voortgaan, maar Jode mag hulle self beskerm, wat effektief beteken dat die soldate van die volksmoord onttrek word. Die volksmoord word 'n burgeroorlog waarin die Jode hulle self mag verdedig en die staat nie kant kies nie. Die volksmoord word anargie en anargisme deur die koning goedgekeur – die koning wat met absolute mag die onveranderlike wette van die Meders en die Perse maak!

God skep vir sy kinders eie waarde in sy raadsplan deur goddeloses se sonde én sy kinders se sonde en gehoorsaamheid

10. Sonder dat God se naam eenkeer genoem is, weet elke gelowige dat God het elke oomblik en elke insident beskik, op so wyse dat Hy sy volk versorg en bewaar om vir God 'n eie waarde te hê buite die mag van Persië. Die wyse waarop God dit gedoen het, het Josef al in Genesis 50 verwoord oor die kwaad wat sy broers vir hom beplan het: ¹⁹ Moenie bang wees nie. Ek is nie God nie. ²⁰ Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen: Hy het gesorg dat 'n groot volk nou in die lewe gebly het.” (Gen. 50: 19, 20)

In hierdie belydenis ontdek 'n mens alles oor God in elke vers in die boek Ester waar God nêrens genoem word nie. Elke sonde en oortreding van elkeen word uitgewys sodat gelowiges kan sien God gebruik die kwaad wat mense in hul eie magtigheid en eiegeregtigheid teen sy kinders bedink, beplan, organiseer en op besluit, om vir hulle goed te wees. Hy gebruik juis alles waarmee hulle sy kinders waardeloos wil maak en beskik dit so dat hulle eie waarde vir God behou word. Net so word ook die gehoorsaamheid van God se kinders 'n middel waardeur God vir hulle versorg en bewaar.

U mag dit nie miskyk en iewers iets sien wat so goed is dat hierdie goedheid die rede was dat God vir sy kerk hier uitkoms gee nie. God se uitkoms en sorg was nie weens Mordegai se bekeerd en geesvervulde lewe gewees nie. Terwyl hy nie voor mense se mag gebuig het in gehoorsaamheid aan God, het hy sy eie broer se kind as 'n sekssimbool opgeveil om mag en invloed in die regering te kry. Dit was nie weens Ester se sterk en morele lewe nie. Sy het haar skoonheid gebruik om mag en aansien te kry deur vir die koning 'n sekssimbool te word en uit wraak mense se lyke uit te stal (9:13,14) Dit was nie weens die vasdag en die rou van die Jode oor die beplande volksmoord teen hulle nie. 4: 3

God versorg en bewaar sy kerk teen die kwaad van hierdie wêreld se godlose magtiges, omdat Hy God is, Vader is. Hy gee aan sy kinders hulle eie waarde vir Hom as God in hierdie wêreld binne die magte wat hulle eie waarde in hul selfsug en eiemagtigheid wil misken, verdring en vernietig. In hierdie Almag waarin God vir ons goed is, is dit nie net die goeie wat ons doen waardeur God sy raadsplan vir ons laat gekies nie. Hy gebruik elke sonde en elke insident om vir sy kerk God en Vader te wees. Ook elke insident waarin dit lyk asof goddeloses gelowiges se lot verseël het met hulle vertoon van mag en wellus.

- God het sy kerk bewaar deur die pronksug en wellus van die magtigste man toe op aarde. Dit het gelei tot dit wat in vandag se taal eintlik 'n egskeding met sy vrou was;
- God het sy kerk van 'n volksmoord bewaar deur die verontwaardiging van die magtigste vrou toe op aarde, se opstand teen die mag van haar man om haar 'n sekssimbool te maak. Haar opstand het tot Ester se plek aanleiding gegee.
- God het sy kerk bewaar deur die magsug van 'n oom wat sy broer se dogter se weeskind tot 'n sekssimbool gemaak het;

God skep vir sy kinders eie waarde in sy raadsplan deur goddeloses se sonde én sy kinders se sonde en gehoorsaamheid

- God het sy kerk bewaar deur die woede en wispelturigheid van 'n koning wat geglo het hy is onaantasbaar. Hy het summier sy eie hoogste amptenaar laat hang aan vir die volksmoord wat die koning self wou hê en goedgekeur het.

11. Sonder dat God se naam genoem word, amper net soos met Josef, gebeur nog iets anders. God skep die gehoorsaamheid in sy kinders wat hy as God ook gebruik om vir hulle goed te wees en in sy raadsplan te gebruik.

- God skep in Mordegai die geloof waardeur hy homself nie aan die absolute mag van die koning onderwerp nie en daardeur wys God dat die koning nie hierdie mag het wat hy met geld en seks uitbeeld nie.
- God skep in Mordegai die liefde vir sy gemeenskap waardeur hy vir die behoud van die Here se kerk instaan en invloed uitoefen tot in die hoogste regeringskringe.
- God skep in Ester die geloof om haar lewe op die spel te plaas om voor die koning te verskyn sonder dat sy toestemming het. Daarvoor kon sy doodgemaak gewees het; Hy gee haar die geloof om die magtigste man toe op aarde te wys op die absurdheid van sy eie besluite dat sy as sy geliefde, doodgemaak gaan word in 'n volksmoord vir sy sogenaamde vyande, wat nie sy vyande is nie.

En hierdie gehoorsaamheid van God gebruik Hy ook net soos die kwaad van sy eie kinders en ongelowiges – om self te beskik en te besluit dat sy kerk vir Hom in hierdie vreemde gemeenskap en onder hierdie vreemde heerskappy 'n eie waarde vir God te behou.

Op hierdie wyse omskep God die volksmoord in 'n volksfees! Die oomblik wat vir die kerk een van sy mees bedreigde en vernederendste oomblikke moes wees, verander God op so wyse dat daar in Ester aangekondig kan word:

“Vir die Jode was daar weer lig en vreugde en blydschap en 'n gevoel van eie waarde.”

- God verander die beplande uitwissing van sy kerk in die reg om deel van die gemeenskap te wees.
- God verander die oënskynlike magteloosheid van sy kinders teen goddelose geweld in die reg van selfverdediging.
- God keer die geweld en kwaad wat goddeloses teen sy kinders bedryf teen hulle self en maak dit vir hulle 'n strik waaruit hulle nie kan kom nie.
- God verander die lot wat mense vir sy kinders vasstel om sy raadsplan met hulle te vervul.
- God gee vir sy kinders die vryheid om nie voor die magte van hierdie wêreld te buig omdat hulle lewe nie deur hierdie magte beskik en bepaal word nie.

God skep vir sy kinders eie waarde in sy raadsplan deur goddeloses se sonde én sy kinders se sonde en gehoorsaamheid

- God maak die onveranderlike wette waardeur goddeloses sy kinders wil vasvang in hulle mag, wette wat tot hulle voordeel strek.
- God maak owerhede en leiers wat vreemd staan teenoor sy kerk, leiers wat tot beswil van sy kerk optree.

En dit doen God deur :

1. die hoogmoed, wellus, gierigheid, afgodsdienste, eie magtigheid, eie geregtigheid, woede, haat en moordlus so te gebruik dat hy dit tot die beswil van sy kinders keer.
2. die gehoorsaamheid wat Hy in hulle skep in sy raadsplan vir hulle te gebruik.

En dit word alles gesê, sonder dat God se Naam ooit eenkeer genoem word!

12. Ons het in ons eie land en gemeenskap eintlik al by die punt van 'n broeiende burgeroorlog gekom. Dit is wat in die plaasmoorde wys. Dit is wat ons in die plaasmoorde sien wat meer is as net misdaad. Dit is die demonstrasie van die mag om 'n volksmoord af te bring, sonder dat die regering dit aanspreek vir wat dit is. Dit is wat ook die absurdheid gewys het in die insident in Louis Trichardt waar die regeringsamptenare van die tronk saam met die kriminele hulle eie tronk afgebrand het, terwyl die plaaswag moes hulp gee vir wet en woorde. Dit is niks anders as anargie nie. Dit sien ons ook in die absurdheid van mense wat veilig in stede by koffiewinkels sit en droom van boere wat op die platteland hulle volksoorlog vir hulle moet begin, en van hulle plase vir hierdie stedelinge die slagveld van 'n burgeroorlog van die "volk" teen die res" moet maak. Hulle droom 'n burgeroorlog wat van ons plase 'n slagveld gaan maak en van ons kinders die offers vir hulle opstandigheid. Ons voel en weet ook dat daar in baie mense se harte 'n haat is waarin hulle vir ons 'n volksmoord in hierdie gewenste burgeroorlog voorsien. Dit is die diepte van die onrus wat in ons is. Ons leef onder vreemde wette, onder 'n vreemde regering, met vreemde leiers wat ons eie waarde minag, misken en vernietig. Ons enigste waarde is om geen eie waarde meer te hê nie. Daarmee het ons die gevoel van alle eie waarde verloor in mense se moordlus en magslus.

In hierdie onrus dat ons geen eie doel in God se raadsplan, geen eie waarde meer as mense in God se raadsplan het nie, maar net die kanonvoer van moordlustiges geword het, kan ons of ons lot glo en aanvaar, soos mense met hulle magslus klaar vir en oor ons hier op die platteland besluit het, of ons kan in alles waar God se Naam nooit genoem word nie, die versorgende beskikking van God in elke gebeurtenis herken en Hom daarvoor vertrou.

Glo u mense wat 'n volksoorlog deur boere op die platteland wil sien gebeur of mense wat ons as die weerlose slagskape van hul plundering en moordlus sien, het klaar ons lot verseël, of kan u in elke insident iets daarvan raaksien dat God ons so

God skep vir sy kinders eie waarde in sy raadsplan deur goddeloses se sonde én sy kinders se sonde en gehoorsaamheid

versorg dat ons ook iets van God kan verwag soos die kerk in Ester se tyd: “Vir die Jode was daar weer lig en vreugde en blydskap en ’n gevoel van eie waarde.” 8: 17

13. Uit hierdie geloofskennis en geloofsstandvastigheid dat God sonde en gehoorsaamheid gebruik in sy raadsplan om vir ons ’n eie doel, eie plek, eie diens en waarde gee, sal ons koers kry in al die verwarrende geestelikheid en politiekery wat om ons aan die gang is.

- Ons sal ophou met die nonsens dat ons eers een of ander geestelike herlewing en vernuwing moet hê voor God ons uitkoms uit hierdie moordlustigheid kan gee. Mense wat hierdie waanbeeld voorhou, kan nie sien dat God die sondes van goddeloses gebruik om sy raadsplan vir sy kinders uit te voer nie. Hulle sien elke boosheid en sonde as ’n motivering om geestelike krag teen goddeloses te mobiliseer. God het nie die Jode teen Hamman se moordlus gemobiliseer deur al die wandade van die paleis en koning aan die groot kol te hang nie. Hy het hulle eie wandade teen hulle gebruik om sy kinders te beskerm.
- Daarom moet ons ook ophou om ons self in ’n toestand van angs en paniek op te werk oor al die boosheid van ons eie land se mags- en wellus onder die magselite, oor hulle eie wetteloosheid en geloof in hulle absolute mag. Ons mag nie daarin ons eie ondergang sien nie. Want God is juis besig om hulle met hulle eie wetteloosheid en geloof in hulle absolute mag vas te vang en hulle mag te vernietig. God maak hulle moordplanne hul eie ellende en ons toekoms om met eie waarde sy kinders te wees.

Dit is hoe God Ahasveros so vasgevang het in sy eie magtigheid dat hy eers ’n volksmoord goedkeur en toe later die volksmoord in ’n burgeroorlog teen sy eie mense moes verander, in die selfverdediging van die Jode, net om sy eie vrou van sy eie magslus te spaar. Ons moet kan sien wat God doen waar sy Naam nie eers geken of genoem word nie.

- Ons mag nie die mag van goddeloses glo nie, maak nie saak hoe hulle dit met geld en wellus demonstreer nie. Ons mag nie in hierdie mag inkoop en voor Hamman buig nie. Dit het die NG Kerk se bemaagtigde leiers van die begin van hierdie absolute mag begin het, in ons land gedoen. Dit het hulle gedoen deur vir hulle self ’n Afrika-romantiek te skep. Een van hierdie bemaagtigde predikante het dit verlede jaar so bely in ’n kerklike vergadering: “Ek is skaam om ’n Afrikaner genoem te word, I am an African”. Dit was ook die hart van die kerk se versoeningsbedryf: om deel te wees van die absolute mag wat oor ons uitgeoefen word. Nou staan hulle radeloos en verslae binne die dreigende volksmoord wat in hierdie absolute mag oor die land afgebring word. Nou wil hulle met biddae en verootmoediging een of ander vorm van protes begin. Maar hoe staan jy weer in die geloof op as jy die hele tyd voor Hamman

gebuig het en sy goddelike mag erken en vereer het as jou eie? Eers het hulle gesê ons moet ons lot aanvaar, ons is “Africans” en nou dat die “Africans” “Africans” is, nou moet ons skielik weer gelowiges wees! Ons moet baie versigtig wees vir al die verootmoedigings en gebedsdae wat hierdie bemagtigde leiers nou skielik wil uitroep.

- Wanneer ons weer ontdek dat God ons eie kwaad en die kwaad van ons haters, ons eie gehoorsaamheid en die gehoorsaamheid van ons haters gebruik om vir ons uitkomst te skep, wat ons self nie bewerk het met ons eie magte nie, sal ons God weer onbevange kan dien ten spyte van ons eie sonde. Dit sal ons bevry uit die bygeloof en afgodsdien van die kerk dat ons of ons lot moet aanvaar weens ons sonde of ons lot kan verander met gehoorsaamheid. Ons is aan geen lot uitgelewer nie! Nie deur ons sondes nie en nie deur ons gehoorsaamheid nie! God sorg vir ons deur kwaad en goed tot ons beswil te gebruik. Waar ons God vertrou om vir ons in hierdie goddeloosheid altyd 'n eie waarde vir Hom te skep, sal dit ons hele opvatting, en al ons oortuigings, oor ons eie situasie verander:
- Ons sondes maak nie dat ons die moordlus van ons vyande verdien nie; hulle sondes maak nie dat hulle ons lot kan verseël nie; Daarom sal ons nie buig voor Hamman nie, maar hom ook nie met klippe gooi nie; Daarom sal ons nooit die president se absolute mag glo of aanvaar nie maar ook alle staatsgrepe teen hom verwerp en ontbloot as kriminaliteit; Daarom sal ons oorheersing kan aanvaar, en dit nooit as die kerk se versoening glo nie, maar nog steeds ons eie waarde weer kan vind; Daarom sal ons nooit ons lot aanvaar in die moordlus en haat van ander nie, maar altyd ons waarde en reg, handhaaf en stel tot in die hoogste wetgewende vergaderings van die wêreld; Daarom sal ons nooit glo ons verdien die haat en moordlus wat teen ons gewens word nie, en ons self regmatig beveilig soos ons dit verlede jaar gedoen het met die optog om Levubu se geboue af te brand en met die vertoon van sigbare beveiliging soos ons dit verlede week gedoen het; Daarom sal ons nie voel ons moet eers eie vryheid in mag, wetgewing en verteenwoordiging kry, voor ons weer ons eie waarde vir God in hierdie land kan kry nie.

God skep vir ons 'n eie waarde in sy diens en in sy wêreld tussen die goddelose magte waarin ons leef, deur hulle sonde, ons sonde en ons gehoorsaam so te beskik dat ons vir sy diens behoue bly. Kom ons sien dit in alles, orals, altyd, waar God se Naam nooit genoem of erken word nie! Kom ons gaan oordink of hierdie 'n politieke preek was of 'n getuienis waardeur ons God vir elke gebeurtenis in ons land kan vertrou, eer, dank en loof om aan ons eie waarde in sy diens te gee!